



Die Studente-Orfeum: Uitvoering van die kantate „The Coronation of the Rose” (Root) op 6 en 7 November 1925 op Heidelberg, Tvl. Sittende op stoele, van links na regs:—„Ouboe” Viljoen, mevr. C. Lawrence, mej. Marie de Villiers, mevr. Long-Innes (L.R.C.M.), „Meester” A. J. Louw, mevr. Field, mevr. S. H. Eyssen, mnr. S. H. Eyssen, mevr. G. Lilienfeld, mnrr. E. van Heerden, C. Spruit en W. Read (by die bas).

Die „Studente-Orfeum”-Musiekvereniging (Heidelberg, Tvl.)

LANGSAMERHAND dring die besef by ons skole en uniwersiteite deur dat kultuuroopvoeding net so noodsaaklik is as ander studievakke en sport om ons jongmense beskaafde burgers van die land te maak. Baie van ons geleerdes is nog lank nie ontwikkel en beskaaf nie! Wie ken b.v. nie die egte boekwurm en die professionele sportstudent nie? En wie kan nie, reeds by eerste kennismaking met hierdie tiepes, sien dat agter tittel en medalje die beskaafde mens soms maar alte deerlik gemis word nie! Boeke en sport ontwikkel die mens maar halfpad; kultuurontwikkeling bring die mens se hoërsel daarby en verhef en bestendig sy lewensbalans. Dit is in

Deur Liefhebber.

hierdie rigting dat die Studente-Orfeum as musiekvereniging werk.


By die veelsydige verenigingslewe en sportbedrywigheid van leerlinge en studente op Heidelberg, kom nog die energieke Studente-Orfeum wat ’n gevoel en ’n liefde vir musiek wil aankweek, aanmoedig en ontwikkel. Hierby is betrokke ’n koor van omtrent sestig stemme (almal leerlinge) en ’n strykkorke van ongeveer twintig, waarvan goed die helfte gewoonlik leerlinge is, en die origes onderwysers en ander musiek-liefhebbers uit die publiek.

Die Studente-Orfeum is omtrent ag-jaar oud en het sy ontstaan te danke aan „meester” Louw, die hoof van die Hoër Volksskool. Dit is besonder gelukkig dat die vereniging nog altyd bekwame en entoesiastiese leiers gehad het om die werk vol te hou, en vandag staan hierdie studentemusiekvereniging baie goed bekend deur die Transvaal heen. Skoolinspekteurs en opvoedkundige outoriteite wat ons dorp besoek, kan maar nie genoeg hul waardering uitspreek nie, daar hulle voel dat ons skole en uniwersiteite totnogtoe hierdie kant van die opvoeding alte seer verwaarloos het. En die Heidelbergse leerlinge beskou die Orfeum as een van hulle trotsste besittings. Die idee van skool-musiekinstellings groei in Transvaal vinnig aan. Verskeie skole, ook Afrikaansmediumskole, het alreeds een of ander musiekorganisasie, buite die leerplan om, in die werk gestel.

Die Heidelbergse Studente-Orfeum, koor sowel as orkes, oefen natuurlik ná skoolure; die koor werk Saterdagoggende en die orkes oefen Dinsdagaande. En dis veelseggend en baie bemoedigend om te sien hoe gewillig en gretig die leerlinge hul vrye tyd afstaan vir die oefeninge en hoe maklik die werk gaan. Baie leerlinge offer selfs ’n

naweekuitstappie op om Saterdagmôre by die oefening te wees, en getuig dat dit die „lekkerste periode” van die week is. Die Orfeum mik hoog en hou die musiek op so ’n hoog moontlike peil, want die groot doel is om liefde en smaak te ontwikkel vir goeie musiek as buffer teen die verderflike jazz en rag.

Tweemaal per jaar word konserte gegee, wat die nodige prikkel is tot gereeld en ywerig werk. Om goeie programme te hê, word dikwels die dienste van hoogstaande professionele kunstenaars verseker, wat dan van elders kom en van die beste voordra.



Mnr. A. J. Louw, Hoof van die Middelbare Volksskool, Heidelberg, Tvl., en Voorzitter van die Studente-Orfeum.



Mnr. S. H. Eyssen, Onderwyser aan die Middelbare Volksskool, Heidelberg, Tvl., en Dirigent van die Koor en die Orkes.